

11 Junie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 18

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer e-Hervormer

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"

Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Pamodzi-mynkrisis in Orkney

Dis weer so stil soos vier jaar gelede in Stilfontein na die aardbewing en die likwidasie van die DRD-goudmyn. Dit is stil by die skagte van Pamodzi Gold in Orkney, want die werkers is nie besig om te werk nie; 3 500 sit by die huis in stilte. Hulle is stomgeslaan weens die voorlopige likwidasie van die Pamodzi-myngroep. Op die oog af stil, maar diep binne elke werker en sy vrou se hart is daar hartseer, pyn, spanning, depressie, wroeging en woede. Dit is asof hulle gesigte 'n uitdrukking van Psalm 22: 2 weerspieël: *My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?*

Uit gesprekke met die werkers en hul gesinne blyk dit duidelik dat dit baie swaar gaan. Die laaste salaris wat hulle ontvang het, was aan die einde van Februarie 2009. Diegene wat geen skuld het nie, vertel dat hulle die afgelope twee maande op reserwes geleef het, dat dit nou uitgeput is, en dat daar geen uitkoms blyk te wees nie. Sommige werkers is reeds in hul vyftigerjare en enkele met vrouens wat sieklik is, terwyl daar nou geen mediese fonds vir gespesialiseerde mediese versorging is nie. Daar is byvoorbeeld swanger vroue wat reeds voorberei is dat hulle 'n problematiese bevalling gaan hê en wat rasend van bekommernis is omdat hulle nie as staatspasiënte in 'n staatshospitaal wil beland nie.

Van die werkers het reeds hul voertuie verloor en het nie geld om hul huise, woonstelhuur en munisipale rekenings te betaal nie. Sommige het reeds van hul huisinhoud by pandjieswinkels vir kontant geruil. Die gebeure by Pamodzi het 'n rimpelleffek op die hele ekonomie van Orkney en die groter Klerksdorpomgewing, terwyl sake daardeur ernstig geraak word. Uiteindelik raak dit ook gemeentes uit verskillende denominasies weens dalende offergawes en omdat al meer hulpbehoewendes om hulp kom aanklop.

Die ergste is egter dat baie gesinne nie geld het om kos op hul tafels te sit nie. Dan praat ons nie eens van die kinders wat die omstandighede nie begryp nie en dit skielik baie moeiliker het. Die winter is hier en die meeste kon nie voorsiening maak vir warm klere en beddegoed nie.

Op Vrydag 5 Junie was daar vroegoggend mans wat die koue trotseer het met karige klere aan om 'n voedselpakkie te kom afhaal. Jy besef met 'n traan in die oog hoe bevoorreg jy is, en jy is dankbaar dat jy hierdie behoeftiges kan help. Fondse en voedseldonasies is min, en die naaste aan vleis in voedselpakkies, is sojaprodukte. Ons sou graag beter wou doen, maar is tevrede dat ons honger kan stil met 'n kospakkie.

Die volgende geleentheid wanneer ons voedselpakke gaan uitdeel, is op Vrydag 19 Junie. Die noodfonds is vanuit die verskillende kerke tot stand gebring. Werkers woon primêr in die Klerksdorp-, Orkney- en Stilfonteingebied. Die projek word in geloof bedryf en ons glo dat God deur sy Gees ons en ander barmhartiges gebruik om hierdie werkers en hul gesinne se nood te verlig.

**Ds Sarel Oosthuizen, Stilfontein-Wes**

\*\*\* Besonderhede van die fonds verskyn by PREDIKANTE EN GEMEENTES.



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroep ontvang

- **Prop Guillaume Rocher** na Nigel



Prop Guillaume  
Rocher

Dr Hendrik  
Breytenbach

### Beroep bedank

- **Ds Jan Grobler** van Virginia/Kroonstad na die Kurumankombinasie
- **Dr Hendrik Breytenbach** (beroeppbaar) na Krugersdorp-Wes

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Johannes Barnard**, wat in Gemeente Buffelspoort woonagtig is, is Maandag 8 Junie in die Steve Biko-hospitaal opgeneem vir 'n biopsie wat op sy lewer gedoen moet word. Hy is al 'n geruime tyd siek en sal moontlik 'n omleidingsoperasie moet ondergaan.
- **Ds Frikkie Labuschagne** van Gemeente Parys se oudste broer, Piet (43), het op Woensdagaand 10 Junie in die omgewing van Secunda verongeluk. Die Kerk se meeleving gaan aan hulle moeder Mariëtte, ds Labuschagne, sy jonger broer Dawie en hulle suster Judy.
- **Ds Sarel Oosthuizen** van Gemeente Stilfontein-Wes het 'n sleutelrol gespeel tydens die Stilfonteinkrisis (DRD-likwidasië en die aardbewing) enkele jare gelede, en is weens sy ervaring en kundigheid verkies as ondervoorsitter van die **Pamodzi Orkney Noodfonds**. Kontak ds Oosthuizen by 082 921 0972. Enige donasie sal welkom wees, hetsy kontant of voedsel. Die fonds se besonderhede is die volgende:


#### **Pamodzi Orkney Noodfonds**

**ABSA**

**Rekeningnommer 4074036489**

**Takkode 632005**

- **Prof Andries Breytenbach** aanvaar op Sondag 14 Junie emeritaat. Hy lei die oggendediens in sy gemeente, Bronkhorstspuit, waar hy in deelydse hoedanigheid werk terwyl hy met Bybelvertaling besig is. Prof Theuns Dreyer sal 'n dankwoord teenoor prof Breytenbach uitspreek en die emeritaatakte aan hom oorhandig.
- **Dr Nols (GS) de Bruin** het besluit om van lewenstaat te verander. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het hom op 4 Junie uit sy amp onthef.
- **Ds Andorette Greyling** van Gemeente Olifantsfontein se aansoek om van haar standplaas losgemaak te word met die oog op aansoek om mediese ongeskiktheid, is deur die Kommissie van die AKV goedgekeur.
- Die aansoek van **mnr Werner Olivier**, voormalige predikant van die Kerk, om hertoelating tot die evangeliebediening, is verder hanteer deur die Kommissie van die AKV.



Prof Andries  
Breytenbach

Dr Nols de Bruin



Ds Andorette  
Greyling



Ds Piet Steenkamp

- Die versoek van **ds Piet Steenkamp** om weer beroepbaar gestel te word, is goedgekeur. Die Moderamen voer met hom gesprek oor die aangeleentheid. Ds Steenkamp het onlangs 'n hartoorplanting ondergaan.
- Die Moderamen sal gesprek voer met **prop Hendrik Breytenbach** oor sy aansoek om beroepbaar gestel te word. Prop Breytenbach is tans voltyds met doktorsale studies besig aan die Eberhard Karls Universiteit in Tübingen, Duitsland.
- Die volgende gemeentes het toestemming by die Kommissie van die AKV gekry om vir 'n verdere drie maande van **emeriti as pastorale hulp** gebruik te maak:
  - Noordrand gebruik ds Leon Nell
  - Westonaria gebruik ds Hennie Retief
  - Setlaars gebruik prof John Gericke
  - Bronkhorstspruit gebruik prof Andries Breytenbach
- Nuwe **riglyne oor die gebruik van emeriti** as pastorale hulp word deur die Kommissie van die AKV opgestel vir voorlegging aan die 69ste AKV. Dit het duidelik geword dat daar heelwat kleiner gemeentes is wat nie meer ander bediening kan bekostig nie.
- **Gemeente Primrose-Oos** is steeds besig met strategiese beplanning. Hulle het vir die laaste keer van die Kommissie van die AKV drie maande uitstel gekry van beroepswerksaamhede.
- Die aansoek van **Gemeente Oos-Moot** om eers strategies te beplan voordat met die beroep van 'n predikant vir die deelyde standplaas voort te gaan, is deur die Kommissie van die AKV goedgekeur.

- Op Donderdag 4 Junie het die Kommissie van die AKV predikante en hulle gades wat **60 jaar en 50 jaar in die bediening** is, met 'n middagete onthaal. Dr Daan van Wyk (jr) het die predikante bedank vir die werk wat hulle oor jare in die Kerk verrig het. Oorkondes is ook aan hulle oorhandig. Die volgende predikante en hulle gades was teenwoordig:

**60ste ampsjubileum**

Ds en mev Kerneels (CJS) van Niekerk

Ds en mev Dirk (DJAG) du Toit

**50ste ampsjubileum**

Ds en mev Gert (GC) van Staden

- **Di Pierre Roets, Chris Liebenberg en Hein Delport** is gekoöpteer as lede van die Komitee vir Liturgiese geskrifte.



Ds Hein Kloppers

- **Ds Hein Kloppers** en 'n aantal lidmate van Gemeente Krugersdorp-Oos vertrek op Donderdag 11 Junie om lidmate in die **Bulawayo-omgewing** te besoek. Ds Hein sal by lidmate van die Hervormde Kerk huisbesoek doen, terwyl ouderlinge wat hom vergesel lidmate van die NG Kerk en tehuise vir bejaardes sal besoek. 'n Groot hoeveelheid kos, kruidentersware en vars produkte word in drie bakkies met sleepwaens saamgeneem.

- Die loodseleentheid vir die Auto Pedigree Tour de Dream, **Gemeente Philadelphia se jaarlikse fietstoer**, het op Woensdag 3 Junie by Deloitte in Brooklyn plaasgevind. Dit is bygewoon deur Heike Preussler van die naamborg Auto Pedigree, die direkteur van *to care*, ds Johan Smit, dr Charmaine Fourie van Die Ondersteuningsraad, Elize Kerr van die Jakaranda-kinderhuise, die Administrateur van die Hervormde Kerk, en mediaverteenwoordigers. Veertig studente van die Universiteit van Pretoria onderneem 'n fietstoer na Mpumalanga, waar hulle fondse gaan insamel vir behoeftige kinders. (Lees meer oor die fietstoer in Dries Beukes se voorbladberig van volgende week se *e-Hervormer*.)



(Vlnr) dr Sanrie de Beer (predikant van Philadelphia), Dries Beukes (toerleier), me Heike Preussler (Auto Pedigree), en ds Johan Smit (*to care*). Voor lê ds Martin Slabbert (predikant van Philadelphia)

\*\*\*\*\*



## VTT 2009

Die eerste **Voortgesette Toerusting van 2009** is van 2 tot 3 Junie by Gemeente Villieria aangebied. Die tema was *Persoonlike vaardighede*. Ons het by **ds Hennie Nel** van Gemeente Potgietersrus verneem hoe predikante die kursus beleef het. Hier is sy kommentaar:

*Die bande van jou motor sal jy gereeld versien:  
kyk of dit skeef afloop en vasstel waarom?  
Soms ry jy laataand, wyd na tien,  
ander kere vervoer jy familie – dit is dáárom!*

*Maar, kyk jy met dieselfde omsigtigheid,  
hoe jy dominee is in God se Koninkryk?  
Soms kom al's op een ou neer –  
maar verskeidenheid van gawes – dít gee die Heer.*

Dit was duidelik, die VTT het vanjaar beplan om te tref waar die band die teeroppervlak raak. Hoe dominees hulself en hul gemeentes bestuur; wat die redes is vir uitbranding; watter dinge prioriteit is en wat nie.

Annemie van Zyl het as “gewone lidmaat” ons voorgestaan as aanbieder. Baie van die spanning wat dominees beleef, spruit uit persepsies wat dominees namens lidmate van hulself verwag. Tog blyk dié persepsies by predikante nie buitensporig en onnodig te wees nie, aangesien dit dikwels die samestelling is uit die argiewe van baie jare en vele situasies waarin die dominee hom of haar al bevind het.

Ons is bewusgemaak van en geleer om begrip en ruimte te hê vir die verskillende denkvoorkeure wat by mense bestaan, verskillende generasies en die denke gebore uit dié tyd, uiteenlopende persoonlikhede, en die verskillende egostate waaruit mense optree.

Gedurende die kursus ontdek jy jouself en verstaan jy die rede hoekom die Here aan 'n gemeenskap van gelowiges verskillende talente en gawes gegee het. Saam moet dit ingespan word, tot opbou van mekaar en tot eer van die Heer.

*Ons gaan opnuut besied weer terug  
om voort te bou met groter vrug.  
Dankie Annemie, prof Theuns en prof Piet!  
Mag die Heer se wil met ons en met sy kerk geskied.*


\*\*\* Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) bied dieselfde toerusting ook van **10 tot 11 November** aan. Predikante is verplig om een van die twee jaarlikse geleenthede by te woon. Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 of **betsie.brits@up.ac.za**.

\*\*\*\*\*

- Emerituspredikant **ds WP Prinsloo** se telefoonnommer het verander. Dit is nou 014 717 5657. Bring die verandering asseblief aan op bladsy 38 van die *Almanak*.
- **Dr Gerhard Nel** van Gemeente Hartebeeshoek bied weer sy **Bybelinterpretasiekursus** aan. Dit is 'n korrespondensiekursus, en alle studiegidse word voorsien. Vir navrae, besprekings of om 'n gratis inligtingsbrosjyre te bekom, kontak dr Nel by 082 823 5074 of **gnel@nhk.co.za**.



Die *Hervormer* en die *e-Hervormer* het nou 'n SMS-lyn waarheen kort kommentaar gestuur kan word oor enige saak wat in dié twee publikasies bespreek is. Opmerkings wat so ontvang word, sal deur 'n teologiese span bestudeer word, en mag op *Die Hervormer* se webwerf gepubliseer word. Stuur u SMS aan 071 229 8903, en kyk op [www.hervormer.co.za/](http://www.hervormer.co.za/) **kommentaar** vir onlangse SMS-boodskappe wat ontvang is.



Ds Thinus  
van Staden

Tashia

- **Die volgende predikante verjaar van 12 tot 18 Junie**, en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 12 Junie: Ds Nico Brayshaw
  - Saterdag 13 Junie: Di Ben Erasmus, Kerneels van Niekerk, Johan Viljoen en prof Bieks Beukes
  - Sondag 14 Junie: Ds Gert Beukes
  - Maandag 15 Junie: Ds Rudi Denton
  - Dinsdag 16 Junie: Dr Jan Truter
  - Donderdag 18 Junie: Dr Elsabé Kloppers en ds Danie Malan
- **Die laaste ringsvergaderings vind soos volg plaas:**
  - Ring van Johannesburg: 13 Junie by Gemeente Randburg
  - Ring van Laeveld: 20 Junie by Gemeente Kampersrus
  - Ring van Klerksdorp: 21 Junie by Gemeente Stilfontein
- **Gemeente Marikana** se naam en adres het verander. Dit is nou **Gemeente Buffelspoort**, Posbus 477, Mooinooi 0325. Wysig asseblief die gegewens op bladsye 140 en 141 van die *Almanak*.
- **Gemeente Vaalpark** het 'n **vakature vir 'n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beampte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948, of per e-pos na [vaalpark@nhk.co.za](mailto:vaalpark@nhk.co.za). Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391 of stuur 'n faks na 086 636 1037. Aansoekers moet bereid wees om 'n persoonlike onderhoud met die kerkraad te voer, waartydens evaluering van orrelspel sal plaasvind. Vergoeding is onderhandelbaar.
- **Gemeente Mosselbaai** het begin met die bou van sy kerk in Stilbaai, en is op soek na 'n goeie orrel, kerkbanke, preekstoel en ander meubels wat in 'n kerkgebou tuishoort. Indien u bewus is van 'n kerkgebou wat gesloop gaan word of nie verder as kerkplek gebruik gaan word nie, en waar die genoemde items dalk beskikbaar mag wees, skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor (012 322 8885 x256) of dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai (044 693 1085 of 083 340 2905).
- Die **MRCC** in Jouberton, Klerksdorp benodig 'n **kerkklok** vir hulle kerkgebou. Kontak ds André Ungerer by 082 940 8201 as u gemeente 'n kerkklok beskikbaar het.
- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** vra mooi: *Help ons met 'n kombors of 'n geldelike donasie waarmee ons komberse kan aanskaaf vir behoeftiges wat dit nie kan bekostig nie*. Skakel Annatjie Sandrock by 072 356 7189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede.
- 'n **Musiekaand** ten bate van die **DPS-kinderhuis Montana** word op **Vrydag 12 Junie** om 18:30 in die kerksaal van **Gemeente Wonderboom** by Marjoramlaan 84, Wonderboom-landbouhoewes gehou. Die kaartjies kos R50 per persoon, en toegang vir kinders onder 6 jaar is gratis. Ligte verversings is ingesluit. Ds Thinus van Staden, predikant van Gemeente Montana, sal optree en onder meer liedjies sing van sy tweede CD wat binnekort vrygestel word. Tashia van die Suid-Kaap tree ook op, asook onbekende kunstenaars uit die gemeente. Kontak Dorette Henderson by 012 567 7158 of 082 264 0870 om kaartjies te bekom.
- **Gemeente Rooihuiskraal** bied 'n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwildtuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Die tema is *Die vyf tale van die liefde* (na aanleiding van die Wildtuin se Groot Vyf). Die



koste is R875 per persoon en sluit 2 nagte in 'n 2-bed rondawel by Pretoriuskop in, asook busvervoer, vier etes en kursusmateriaal. Toergangers moet sorg vir hul eie toegangsgeld, padkos, snoeperye en sakgeld. Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of [gclindeque@absamail.co.za](mailto:gclindeque@absamail.co.za).

- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Registrasie begin om 06:30, en die koste is R25 per persoon. Alle deelnemers gaan 'n medalje van die Bybelgenootskap ontvang. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting. Hulle benodig ook borge sodat die onkoste gedek kan word.
- Sedert 2008 samel **Gemeente Primrose-Oos** en ander gemeentes in Primrose geld in om aan die begin van die jaar Bybels vir graad 1-leerders uit te deel. Hulle noem dit die **Saadjieprojek**, want hulle probeer om geloofsaadjies te plant. Verlede jaar het hulle 'n anonieme skenking van R12 000 ontvang, en R10 000 van Juanita du Plessis. Op **Saterdag 22 Augustus** om 18:30 vir 19:00 tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruijn, Bataviastraat, Gerdview. Pak 'n piekniekmandjie en bring die hele familie en al die vriende saam. Kaartjies kos R100 vir volwassenes en R60 vir laerskoolkinders. Daar is parkering beskikbaar op die skoolgronde. Kaartjies kan gekoop word by Ackermans-apteek, of kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794. Die bankbesonderhede vir donasies is die volgende:

#### **NHK Primrose-Oos**

#### **ABSA**

**Tak 334-542**

**Rekeningnommer 250 590 482**

**Bewysstrokies kan gefaks word na 011 806 1839**

- **Gemeente Springs-Oos** vier vanjaar sy **50ste bestaansjaar**. Die feesjaar word met verskeie geleenthede gevier wat 'n hoogtepunt bereik op **Sondag 13 September** met die Nagmaal en gemeente-ete. Verskeie feesmemorabilia word deur die jaar verkoop. Kontak Katrien Prinsloo by 011 815 1376 daarvoor. Die feeskomitee is ook besig met die samestelling van 'n gedenkalbum wat tydens die fees beskikbaar sal wees. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of bestel per e-pos by [rethalaubscher@telkomsa.net](mailto:rethalaubscher@telkomsa.net).
- Gedurende 1924 (85 jaar gelede) is die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** gestig. Alle predikante is lede van dié vereniging. Die bestuur van 2009 wil vanjaar 'n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd 'n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. 'n **Gholfkompetisie** word beplan vir **Dinsdag 22 September**, en die dag sal afgesluit word met die tradisionele Van der Hoff-dinee. Belangstellendes word genooi om 'n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:
  - Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
  - Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
  - Tiaan Loedolff (Fiscus) 073 529 1538
  - Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561

### **Basaars en ander pret**

- **Gemeente Laer Suidkus** bied op **Vrydag 19 Junie** om 19:00 'n **Prawnfees** aan in die stadsaal van Port Shepstone. Yoti die Griekse Boertjie tree op as gaskunstenaar. Die fees vind plaas in dieselfde tyd as die opwindende Sardienloop. Kaartjies kos R140 per persoon, en verblyfreëlings kan getref word. Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of [jacquesjean@vodamail.co.za](mailto:jacquesjean@vodamail.co.za).

Baie dankie dat ek weekliks u keurige nuusbrief kan ontvang. So bly mens heerlik op die hoogte van die lewe binne die Hervormde Kerk.

**Ds Pieter Kurpershoek**  
**Middelburg**



- **Gemeente Roedtan** bied 'n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die 1ste prys is 4 blouwildebeeste, 2 koedoes, 2 blesbokke en 1 vlakvark. Die 2de prys is 'n naweekvoël jag vir 10 persone. Akkommodasie word verskaf vir 10 persone vir 3 dae. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of [redinex@mweb.co.za](mailto:redinex@mweb.co.za). *Jy en jou gesin kan nog vanjaar gaan jag!*
- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buiteklub. Die kompetisie is 'n 4 betербal Stableford, en die koste is R1 200 per 4-bal (ete ingesluit met die prysuitdeling), of R300 per persoon (ete ingesluit met die prysuitdeling). Fondse is ten bate van barmhartigheidswerk in gemeenskapsverband. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.
- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** om met hul 50-jaar viering saam te val, vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Op Woensdag 9 September bied hulle 'n formele 3-gangete met kunstenaar Gerhard Steyn aan in Springs se Burgersentrum. Kaartjies vir die geleentheid is beskikbaar teen R200 per persoon. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.
- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfruitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Daar is meer as R20 000 se pryse te wen. Inskrywings kos R1 600 per vierbal en sluit twee gholfkarretjies, 'n geskenkpakkie, die prysuitdeling en 'n aandete in. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

## ANDER NUUS

- Die **Kommissie van die AKV** het by sy vergadering op 4 en 5 Junie ook die volgende sake hanteer:
  - Die nuwe ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Hervormde Kerk met betrekking tot die **teologiese opleiding** is goedgekeur.
  - Gesprek is gevoer met vier van die dosente oor die **openbare verklaring oor apartheid** wat onlangs deur vyf dosente gemaak is.
  - Gesprek is gevoer met lede van die **HCM Fourie Stigting/Vriendekring**. Dit was 'n voortsetting van die gesprek wat in opdrag van die 68ste AKV reeds pas na dié AKV begin het.
  - Gesprek is gevoer met die **Dagbestuur van die NHSV** oor die werksaamhede van die NHSV.
  - Die jaarlikse **ledevergadering van die Kinderhuise** is gehou onder leiding van die voorsitter van die direksie, ds Roelf Coertze.
  - Die verskuiwing van die opleiding van die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** na die noordelike deel van die Van der Hoffgebou is goedgekeur. Opgradering van dié deel van die gebou moet egter eers plaasvind.
  - Die Kommissie van die AKV het besluit om in gesprek te tree met die **Uniting Presbyterian Church** met die oog op ekumeniese bande en betrokkenheid.
  - Die finansiële state van die **Raad van Finansies** is goedgekeur.



- Die **Ondersteuningsraad** bied gedurende die **September-skoolvakansie 'n kamp** aan vir 100 sorgbehoewende kinders. Terapeutiese groepwerk sal deur maatskaplike werkers aangebied word, en studente sal help met onder meer sportaktiwiteite. Die Raad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325-2320, 071 684 7789 of [oraad@telkomsa.net](mailto:oraad@telkomsa.net). Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).

- **Belangrike vergaderings**

Hierdie vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- Die Bestuur van die Kinderhuise op Woensdag 17 Junie
- Die Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad op Vrydag 19 Junie
- Die Dagbestuur van die Algemene Diakensvergadering (ADV) op Vrydag 19 Junie
- Die redaksie van *Die Hervormer* op Dinsdag 23 Junie om 10:00

## AGTERBLAD

### *Om die Bybel (beter) te verstaan*


'n Nuwe besending van dr Gert Malan se boek *Om die Bybel (beter) te verstaan* is pas by SENTIK ontvang.



Dr Gert Malan

Hierdie boek het sy wortels in 'n memorandum oor Skrifverstaan wat deur die AKV van 2004 aanvaar is. Dr Gert Malan van Mosselbaai het daarna, in opdrag van die Kommissie van die AKV, die boek geskryf om lidmate en ampsdraers van die Kerk te help om die Bybel beter te verstaan. Want, soos prof Theuns Dreyer in die Voorwoord sê, elkeen wat die Bybel ernstig lees, loop hom in allerlei probleme vas as hy die Bybel letterlik probeer lees en sommer net so op ons lefwêreld wil toepas.

Die boekie vorm vanjaar ook deel van die bestek van die Landswey Bybelvasvra.



- \*\*\* *Om die Bybel (beter) te verstaan* is by SENTIK beskikbaar teen R35 (posgeld uitgesluit). Bestel van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x232 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
 Subredakteur: Ds André Ungerer  
 Kernnuus: Dr Fanie Pretorius  
 Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
 Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse